MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect · Authentic / Oorspronklik · Kreatief / Creative · Kommunikasie / Communication · Entoesiasme / Enthusiastic · Responsibility / Verantwoordelikheid

LENTE . . . .
'n vars nuwe begin!

## Uit die Hoof se Kantoor

Ons is uiters trots op ons ons kultuurgroepe wat, sonder ophou, op verskeie gebiede fantastiese uitslae behaal het. Meer hieroor later in die nuusbrief.

Baie geluk aan juffrou Chané Small met die nuwe toevoeging tot hul familie. Ons wens hul baie vreugde en kosbare tye in dié nuwe seisoen.

As gevolg van juffrou Stephanie Joubert se langtermyn gesondheidsuitdagings, is die skool genoodsaak om die volgende tydelike planne in plek te stel: vanaf Maandag, 11 September, skuif juffrou Chantelle van Wyk na die Afrikaanse Departement in juffrou Stephanie se klas (L107). Juffrou Chantelle se registerklas (4A3) skuif ook hierheen. Juffrou Stephanie se registerklas (6A3) skuif na juffrou Chantelle se vorige klaskamer (G07) en juffrou Elzaan Naudé sal hul registerjuffrou wees. Juffrou Elzaan sal juffrou Chantelle se Geskiedenis en Afrikaanse klasse oorneem. Ons wens juffrou Stephanie spoedige herstel en algehele goeie gesondheid toe. Alle sterkte aan juffroue Naudé en van Wyk.

Ons vertrou die lente bring vir elke gesin nuwe moed, krag, vreugde en alles wat mooi is.

Klik asseblief op die skakel vir die **Biblioteek-Nuusbrief**

## INLIGTING

### Vrydag, 1 September 2023

Op Vrydag vier ons Lentedag, Boomplantdag, en *Midstream Ridge Laerskool* se verjaarsdag! Ons sluit die feestelikhede met 'n kleurpretloop af, waarna die skool om 12:00 sluit. Daar is tot 13:30 toesig, vir leerders wat nie dadelik gehaal kan word nie. Indien moontlik, moet leerders asseblief wit, ou klere aantrek om die werklike pret-effek van die kleure te kry.

Klik asseblief op die onderstaande skakel om die program vir die dag te besigtig:

**PROGRAM: 1 SEPTEMBER**

# RAKKER KULTUURSTERRE

Ons is uiters trots op ons revue-en koorgroepe wat tydens vanjaar se kunstefeeste, uitstekende prestasies behaal het:

Junior Koor 90% ~ *Centurion Kunstefees*
Senior Koor 90% ~ *Centurion Kunstefees*
Junior Revue 3de plek 94% ~ *Centurion Kunstefees*
Junior Revue 81.6% ~ semi-finale rondte *Kaleidoskoop*
Senior Revue 1ste plek 99% ~ *Centurion Kunstefees*
Senior Revue 3de plek 93% ~ *Kaleidoskoop*

Dit wil gedoen wees. Baie geluk en dankie aan elke leerder, ouer en die afrigters.



















# 'N BOODSKAP VAN DIE HOKKIEKAPTEIN

DIT IS VIR MY 'N BAIE GROOT VOORREG OM AS KAPTEIN, ONS SKOOL OP DIE HOKKIEVELD TE VERTEENWOORDIG. HOKKIE IS NIE VIR MY NET NOG 'N SPORT NIE, DIS MY PASSIE! EK SPANDEER AL MY EKSTRA TYD DAARAAN, EN EK MAAK SOMS BAIE OPOFFERINGS. SOLANK EK DIT GENIET SAL EK ALTYD NA DIE VOLGENDE GELEENTHEID SOEK OM MYSELF IN DIE SPORT TE VERBETER.

VIR AL DIE SEUNS EN DOGTERS WAT ONS SKOOL OP DIE HOKKIEVELD VERTEENWOORDIG, WEES TROTS OP JOUSELF EN DOEN NET JOU BES VIR JOU SPANMAATS EN AFRIGTERS.

ONTHOU OOK, 'N MENS KAN NIE ELKE WEDSTRYD WEN NIE, MAAR JY KAN IETS UIT ELKE WEDSTRYD LEER OM JOU STERKER TE MAAK VIR DIE VOLGENDE EEN.

BAIE GELUK AAN AL DIE SPANNE MET HUL OORWINNINGS TOT DUSVER EN STERKTE MET DIE RES VAN DIE SEISOEN.

"IT'S NOT THE TEAM WITH THE BEST PLAYERS THAT WIN, IT'S THE PLAYERS WITH THE BEST TEAM THAT WINS".

AS JY IETS DOEN WAARVOOR JY LIEF IS VOEL DIT NOOIT SOOS MOEITE NIE!

#RIDGEGUTS #RIDGETROTS

MORGAN SMITH



Klik asseblief op die onderstaande skakel vir die program vir die:

**SNR KRIEKET-WEDSTRYDE**




